# ARBEID EN VERGOEDING VOOR 1994

*E J de Beer*
Skool vir Kerkwetenskappe
Noordwes Universiteit, Potchefstroom

*Abstract*

Are apartheid and other discriminatory laws and practices the main reasons for disparities in employment, occupation and income within the South African labour market? This article poses an answer to this question.

In the article the development of labour and remuneration in South Africa since the seventeenth century up to 1994 is explored. The change in the labour market from subsistence farming to a mainly capitalistic system is indicated. The period was characterised by the unfolding and development of careers, mainly as a result of the influence of colonists from Europe. As economic development took place, subsequent factors played a role in workers' occupation and the remuneration they received.

Although apartheid and other dicriminatory laws and practices had a negative influence on the employment, occupation and income of black workers, these were not the only reasons for the disparities in the labour market in 1994.

## 1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse arbeidstoneel het sedert 1994 baie verander. Die Aanhef tot 'Employment Equity Act'55 van 1998 (net in Engels gepubliseer), hierna genoem die Wet op Gelyke Indiensneming, stel dit dat "as a result of apartheid and other discriminatory laws and practices, there are disparities in employment, occupation and income within the national labour market". Bogenoemde wet, tesame met ander wette wat sedert 1994 aangeneem is, het ten doel om ongelykhede in indiensneming, beroepe en inkomste uit te wis.

In hierdie artikel word ondersoek ingestel na die redes waarom daar ongelykhede tussen verskillende groepe mense was. Was apartheid en diskriminasie die enigste oorsake of was daar ook ander redes? Om hierdie vraag te beantwoord, word ondersoek ingestel na faktore wat die Suid-Afrikaanse arbeidstoneel vanaf die sewentiende eeu tot 1994 gevorm en beïnvloed het. Ontwikkelinge op arbeidsgebied word so ver moontlik chronologies gevolg.

## 2 DIE SEWENTIENDE EEU TOT 1820

## 2.1 San

Die San het gedurende die sewentiende eeu veral in die suidelike en oostelike dele van die land gewoon (Tobias 1978:7). Hulle het hoofsaaklik van jag geleef. Mans moes jag. Vroue was weer verantwoordelik om plante te soek (Barnard 1992:81). Die San het onder mekaar en met ander inheemse inwoners handel gedryf deur diervelle, kos, en wapens te ruil. Sommige San het as veewagters, nagwagte of 'huursoldate' vir Khoikhoi diens gedoen. In vredestyd is hulle met kos vergoed en in die oorlogstyd kon hulle in die buit deel (Elphick 1985:33-35).

Met die koms van die eerste Nederlandse koloniste in 1652, was die San en Khoikhoi in 'n oorlog oor weiveld en drinkwater gewikkel. Die koms van die Nederlandse koloniste het die wedywering oor weiveld vererger. Op die duur was die San nie bestand teen die koloniste en die Khoikhoi nie. Hulle was verplig om al hoe dieper die binneland in te trek. Botsings met ander inheemse inwoners en Voortrekkers het veroorsaak dat die San oor 'n tydperk van 200 jaar feitlik uitgewis is (Willcox 1978:76-82, 84, 86).

## 2.2 Khoikhoi

Die Khoikhoi was oor groot gebiede van die land versprei. Hulle het van jag en veldkos geleef. Hulle het ook groot troppe vee aangehou, maar het selde van dié diere geëet (Shaw 1972:1, 3). Khoikhoi-vroue het, anders as by die Afrikane, ook na vee omgesien. Dit het die Khoikhoi-mans in staat gestel om op jagtogte te gaan (Elphick 1985:31-32).

Wanneer die Khoikhoi-mans nie gejag het nie, het hulle gereedskap of wapens gemaak en ander huishoudelike take verrig (Boonzaier et al 1996:42). Vroue het op hul beurt veldkos versamel en die koeie gemelk (Elphick 1985: 31). Sommige werk is deur mans en vroue gesamentlik verrig, byvoorbeeld die oprigting van nuwe matjieshutte (Boonzaier et al 1996:37).

Onder die Khoikhoi was daar ryk én arm mense. 'n Sekere hoofman het tot 4 000 beeste en 3 000 skape besit. Arm Khoikhoi het gewoonlik vir hul ryk volksgenote veewagterswerk gedoen. Hulle is in die vorm van melk en 'n aantal kleinvee vergoed. Met die kennismaking met Europese koloniste was dit dan ook die armer Khoikhoi wat eerste bereid was om vir koloniste te gaan werk (Boonzaier et al 1996:41, 42).

Khoikhoi het in tye wat hulle nie gejag het nie, vir die Nederlanders gewerk. In 1859 het 'n klompie Khoikhoi by die Nederlandse koloniste toestemming gekry om onder hul beskerming by die fort te bly. In ruil moes hulle vis vang en water en brandhout vir die Kompanjie kry. Khoikhoi-vroue is as huisbediendes opgelei. Khoikhoi het ook as informante opgetree oor gebeure in die binneland. Daarvoor is hulle met tabak, arak en kos vergoed (Elphick 1985:175-177).

Toe die Here XVII in 1695 besluit het om afstand te doen van die Kompanjie se boerdery-aktiwiteite, het dit die vryburgers aangemoedig om al dieper die

binneland in te trek. Dit was ten koste van die Khoikhoi wat nie meer vrye toegang tot wei- en jagvelde gehad het nie. Al hoe meer Khoikhoi is gedwing om op plase werk te soek (Ross 1994:146). Die gebiedsuitbreiding van die Nederlandse koloniste, 'n geweldige pokke-epidemie in 1713 wat die grootste deel van die Khoikhoi-bevolking uitgewis het, 'n tweejaarlange droogte en sewe jaar van siekte onder die vee het veroorsaak dat die meeste oorlewende Khoikhoi teen 1721 op vryburgers se plase gewoon en gewerk het (Elphick 1985:323-234).
Teen die begin van die negentiende eeu het Khoikhoi-werkers gemiddeld 9,3 skape per jaar as vergoeding ontvang. Soms is die vergoeding met basiese benodigdhede aangevul. Ongeveer 'n vyfde van die Khoikhoi-werkers is in kontant vir hul arbeid vergoed (Newton-King 1999:182, 183). Die Khoikhoi se lae vergoeding het verband gehou met hul werkgewers se finansiële onvermoë om hulle beter te vergoed (Giliomee 2003:66).

## 2.3 Afrikane

Die Afrikane het gedurende die sewentiende eeu 'n Ystertydperkse bestaansboerdery beoefen, gegrond op hoofsaaklik veeboerdery en landbou (Bundy 1988:25). Slegs die mans mag met diere gewerk het. Hulle het met bokke, skape, perde, donkies, varke, beeste en hoenders geboer (Bleeker 1970:19, 20, 21, 36; Brown 1969:49). Mans moes ook jag om kos, kledingsmateriaal en handelsartikels (bv ivoor) te bekom (Maylam 1986:25). Aangesien velle die produk van diere was, was dit die mans se verantwoordelikheid om daarvan klere te maak. Die vroue het na die huishouding en voorsiening van plantaardige kos omgesien (Schapera 1967a:14).

In hierdie bestaansekonomieë het handel nie 'n groot rol gespeel nie. 'n Uitsondering was die Tswanas onder wie daar ambagsmanne, smede, leerlooiers en spesialisjagters was wat hul produkte geruil het om lewensmiddele te bekom (Bundy 1988:17-20).

## 2.4 Nederlandse koloniste

### *2.4.1 Amptenare en vryburgers*

In 1652 het die Vereenighde Oostindische G'octrooijeerde Compagnie (VOC) 'n verversingspos aan die Kaap gestig. Omdat die VOC se vergoeding baie laag was, was mense nie baie gretig om vir hulle te werk nie. Die VOC was daarom verplig om amptenare uit arm trekarbeiders in Nederland te werf. Die vergoeding wat die VOC betaal het, het in reële terme mettertyd al kleiner geword, omdat dit gedurende die sewentiende en agtiende eeue onveranderd gebly het (Newton-King 1999:13, 251).

In 1657 het geld aan die Kaap in omloop gekom. Die algemene beskikbaarheid van geld tesame met vryburgerskap het 'n nuwe tydperk ingelei. Die instelling van vryburgers het die weg gebaan vir werkers om meer direkte beheer oor die vergoeding wat hulle vir hul arbeid ontvang het, uit te oefen (Leipoldt 1938:168-170). So is die grondslag reeds gelê vir 'n vergoedingstelsel wat gedurende die eeue daarna al hoe meer ontwikkel en

verfyn sou word. Die vergoedingstelsel het die volgende behels: werkers het óf hul arbeid teen 'n vasgestelde vergoeding verkoop, óf hulle het gewerk en die produk van hul arbeid dan verkoop. Hierdie stelsel was nie sonder probleme nie.

Die vryburgers was ontevrede, omdat hulle hul koring teen 'n te lae prys aan die Kompanjie moes verkoop (Leipoldt 1938:176). Hulle kon skaars daarvan oorleef (Giliomee 2003:2). Die vryburgers kon gedurende die eerste dekades nie in die beoogde lewering van produkte voldoen nie. In 1679 het goewerneur Simon van der Stel toestemming ontvang om meer grond aan die vryburgers beskikbaar te stel (Newton-King 1999:12). Met die koms van die Franse Hugenote (1688-1689) is verdere grond toegeken (Van der Merwe 1979:67-70). Goewerneur W A van der Stel het, anders as sy vader en voorganger, veeboerdery aangemoedig. Hy was verplig om die nuwe beleid te volg, omdat die vraag na landbouprodukte in sy tyd afgeneem het. Veeboerdery het, daarenteen, min kapitaal en arbeid geverg, terwyl dit goeie winste gelewer het. Met die wettiging van veeruil met die Khoikhoi in 1700 het veeboerdery 'n hupstoot gekry. Die groeiende veeboerdery het meer en meer grond vereis. Veeboere is toegelaat om al hoe dieper die binneland in te trek (Van der Walt 1979:85-87).

Vanaf 1717 het 'n chroniese oorproduksie van landbouprodukte verdere stukrag aan veeboerdery verleen. Die Kompanjie het tot in hierdie stadium die oorskotprodukte opgekoop en teen 'n verlies uitgevoer. In 1718 het die Kompanjie egter opdrag gegee dat die boere produkte moes lewer wat makliker verkoop kon word, en nie teen 'n verlies uitgevoer moes word nie (Van der Walt 1979:88).

Nuwe koloniste en die seuns van landbouers wat wou boer, is gedwing om met vee te boer. Hoë vleispryse as gevolg van veevrektes tussen 1713 en 1718 het veeboerdery aantreklik gemaak. Die klimaat en bodemgesteldheid van die land, lae reënval, 'n gebrek aan standhoudende water en skraal weiding het die veeboere gedwing om verspreid te woon en al dieper die binneland in te trek. Die verspreiding van veeboere gedurende die agtiende eeu het in 1780 by die Visrivier tot 'n einde gekom, omdat die grond verder ooswaarts reeds deur inheemse veeboere bewoon was (Van der Walt 1979:88, 89, 99). Die omvang van veeboerdery het gedurende die agtiende eeu so gegroei dat twee derdes van al die boere teen 1770 veeboere was (Giliomee 2003:31).

Die veeboere het 'n eenvoudige lewensbestaan gevoer. Al het hulle oor die algemeen groot kuddes vee gehad, kon hulle min geldelike voordeel daaruit trek (Van der Walt 1979:103). Die monopsonistiese vleismark het lae pryse in die hand gewerk. Die probleem is vererger deur die hoë pryse wat boere vir noodsaaklike goedere moes betaal. Die afstande het meegehelp dat omtrent 40% van die grensboere skaars oorleef het. Selfs die welvarendste veeboere het dit nie breed gehad nie (Newton-King 1999: 154, 162, 163, 205). Daarteenoor het die landbouers (ongeveer 10 000) in die Kaapse en Stellenbosche distrikte 'n redelike gemaklike bestaan gevoer (Van der Walt 1979:103).

### *2.4.2 Slawe*

Slawerny was in die sewentiende eeu 'n algemene verskynsel in die Europese kolonies. Dit was dus nie vreemd nie dat Van Riebeeck skaars 'n maand nadat hy in die Kaap aangeland het, by die Here XVII slawe aangevra het. Slawe sou goedkoper arbeid as die amptenare kon verskaf, omdat hulle geen lone sou ontvang nie en van rys, vis, robbe en pikkewyne kon leef (Godée Molsbergen 1968:67, 69).

Van Riebeeck het mettertyd enkele slawe van verbygaande retoervlote gekoop, maar hulle het nie veel invloed op die arbeidsituasie aan die Kaap gehad nie (Godée Molsbergen 1968:67, 69). Die situasie het wel verander toe die eerste besending slawe in 1658 die Kaap bereik het. Vanaf 1658 tot 1808 is ongeveer 63 000 slawe na die Kaap gebring (Shell 1994:12).

Hoewel dit moontlik was dat eienaars hul slawe kon vrystel, het dit selde gebeur (Böeseken 1977:97). Sommige vrygestelde slawe het voortgegaan om die ambagte te beoefen wat hulle as slawe aangeleer het. Ander het tuine aangelê of as handelaars, huisbediendes of vissers gewerk. Nog ander het teen betaling vir hul voormalige eienaars bly werk (Böeseken 1977:87-89; Worden et al, 1996:64).

Vanaf die 1730's het slawe-eienaars aan die Kaap toegelaat dat slawe eiendom bymekaarmaak en dit verkoop. Dit het 'n proses begin waarin die verskil tussen slawe en vry werkers algaande uitgewis is. Van die begin van die negentiende eeu af het die aantal slawe begin afneem. Teen die middel van die 1820's het dit algemeen voorgekom dat slawe op hul eie gewoon het en vir ander werknemers as hul eienaars gewerk het (Bank 1994:84).

Die proses van gelykstelling tussen slawe en vry werkers het op 1 Desember 1834 'n hoogtepunt bereik, toe die 36 274 slawe aan die Kaap vrygestel is (Worden et al 1996:23). Na hul vrystelling moes hulle vir 'n verdere vier jaar as inboekelinge by hul eienaars aanbly. Toe die slawe volle vryheid ontvang het, het hulle nie geld gehad om grond of eiendom aan te skaf nie. Sommige slawe het 'n heenkome in verafgeleë berggebiede of op sendingstasies gevind. Ander slawe het by hul voormalige eienaars of ander boere as loonarbeiders werk gekry. Die vrystelling van slawe het in teorie dit vir slawe moontlik gemaak om beter vergoeding vir hul arbeid te ontvang. In die praktyk het die teenoorgestelde egter gebeur, omdat die vrygestelde slawe die arbeidsmark oorstroom het, met 'n gevolglike daling in lone (Worden et al 1996:87, 88).

## 3 1820 TOT DIE ANGLO-BOEREOORLOG

Namate die Nederlandse koloniste noord- en ooswaarts beweeg het, het hulle mettertyd die Xhosas ontmoet. Gedurende die tweede helfte van die agtiende eeu het die vraag na vleis groter geword en het ruilhandel toegeneem. Aanvanklik het die ruilhandel geen verandering gebring aan die Xhosas se politieke, sosiale of ekonomiese welstand nie, omdat alleen nie-noodsaaklike goedere verhandel is (Bundy 1988:29).

Met die oorname van die Kaap deur Brittanje en veral met die koms van die Britse Setlaars in 1820 het omstandighede begin verander. Britse kapitaal het die land ingevloei en vrye handel en vrye ondernemings is aangemoedig (Giliomee 2003:193). Die koms van die Britse Setlaars het 'n merkbare verandering in handel tussen die grensboere en inheemse inwoners gehad.

### 3.1 Die Britse invloed op die Xhosas

Die Xhosas se eerste kennismaking met die Britse kapitalisme was deur middel van professionele handelaars en smouse wat algaande die handel wat die boere en jagters aan die Oosgrens bedryf het, oorgeneem het. Ruilhandel het die Xhosas bekend gestel aan vervaardigde goedere, waarna 'n vraag daarvoor toe onstaan het. Hierdie behoefte, tesame met die *mfecane* het tot gevolg gehad dat al hoe meer Xhosas die Kaapkolonie se grens oorgesteek het, op soek na werk. Daarmee het hul arbeid 'n nuwe fase betree (Bundy 1988:27, 30-32).

'n Toename in woluitvoere het grond se waarde laat toeneem. Blanke boere het in besit gekom van al hoe meer grond, wat hulle op hul beurt aan Xhosa-boere verhuur het. Die huurders het huur betaal deur middel van die produkte wat hulle gelewer het of deur 'n tyd lank vir die verhuurders te werk. Algaande is al hoe meer inheemse inwoners gedwing om die arbeidsektor van die koloniale ekonomie te betree. Boere kon vanweë hul beperkte inkomste nie hoë lone aanbied nie. Gevolglik het baie boere hul toevlug tot deelboerdery geneem. Nie al die Xhosas het vir blanke boere gaan werk nie. Sommige het self op 'n meer kommersiële basis begin boer (Bundy 1988:32-34, 80).

Met die Grensoorloë van 1846-1847 en 1850-1853 het baie van die Xhosas hul grond verloor. Hulle was verplig om as loonarbeiders te gaan werk. Met die nasionale selfmoord van die Xhosas in 1857 het tussen 20 000 en 30 000 Xhosas gesterf. 'n Verdere ongeveer 40 000 Xhosas het na werk en kos gesoek (Bundy 1988:47, 49, 51).

Die Grensoorlog van 1877-1878 het veroorsaak dat al hoe meer Xhosas hulle in die Kolonie gevestig het, om ter wille van oorlewing te werk. Die runderpes van die 1890's het tussen 80% en 90% van die beeste in die Transkei uitgewis. Swart bestaansboere se kapitaal, kredietwaardigheid, vermoë om te ploeg en produkte te vervoer, is ernstig benadeel. Baie boere moes ter wille van oorlewing tot die arbeidsmark toetree (Bundy 1988:85, 120, 122).

Die ontdekking van diamante gedurende die 1870's het die Kaapse ekonomie binne tien jaar laat verdubbel. Nuwe geleenthede het ontstaan en 'n groeiende getal Afrikane het dit benut, deur werk te vind in diamantmyne, op paaie, spoorweë en by haweprojekte. Die ontdekking van goud het nog meer werkgeleenthede geskep (Bundy 1988:66, 114).

### 3.2 Die Britse invloed op die Zoeloes

Toe die Voortrekkers Natal gedurende die 1830's binnegetrek het, was die gebied yl bewoon. Hulle het nie 'n wesenlike invloed op die Zoeloes se ekonomie gehad nie (Bundy 1988:166-168).

Omstandighede het verander toe die Engelse Natal in 1842 geannekseer het. Ongeveer 5 000 mans, vroue en kinders uit Engeland het hulle in Natal kom vestig. Verskeie Britse maatskappye en individue het in besit gekom van 5 tot 6 miljoen akker grond (Bundy 1988:168). Hierdie grond is aan die swart boere verhuur. Die huurgeld is betaal in kontant of met 'n gedeelte van die jaarlikse oes (Maylam 1986:85, 86).

Zoeloe-bestaansboere is met verloop van tyd bekendgestel aan tegnologiese hulpmiddele soos ploeë en waens (Bundy 1988:172, 173). Die gebruik van ploeë het 'n verandering in die werksverdeling tussen mans en vroue teweeggebring. Aangesien net mans met diere mag gewerk het, het mans die voorbereiding van lande by die vroue oorgeneem (Breutz 1991:16).

Verskeie faktore het baie Zoeloe-boere mettertyd verplig om van bestaansboerdery af te sien en te werk in ruil vir lone. Die ontdekking van goud aan die Rand en die ontginning van steenkool in Natal teen die einde van die negentiende eeu het 'n groot invloed op boerdery gehad. Die groter vraag na voedsel het blanke boere aangemoedig om eerder self te boer, met die gevolg dat baie Afrikane nie meer grond gehad het om op te boer nie. Die situasie is vererger deur hoë grondpryse wat blanke boere bereid was om te betaal, maar wat swart boere nie kon bekostig nie (Maylam 1986:89).

Die hut-belasting wat vanaf 1888 van al die inwoners van Zoeloeland gehef is, het baie Zoeloes verplig om noodgedwonge loonarbeid te verrig, ten einde die nodige geld te bekom om die belasting te betaal. 'n Grootskaalse emigrasie vanuit Zoeloeland na veral die Rand het vanaf 1888 plaasgevind.

Bestaansboerdery is verder nadelig geraak deur 1889 se droogte, die sprinkaanplaag van 1894-1895 en die runderpes van 1895 toe 85% van die beeste in een jaar dood is (Maylam 1986:82). Dit het veroorsaak dat hulle nie meer in hul eie behoeftes kon voorsien nie en werk moes soek (Bundy 1988:188, 189).

### 3.3 Die Sotho's en Tswanas

Die inheemse inwoners in die binneland van Suid-Afrika het later as die inwoners nader aan die kus met die koloniste kennis gemaak. Die binnelandse inwoners se eerste kontak met koloniste was hul ontmoeting met blanke ontdekkingsreisigers en handelaars (Maylam 1986:118, 122). Met die Groot Trek wat vanaf 1834 plaasgevind het, het blanke koloniste in beheer gekom van groot gebiede grond in die binneland van Suid-Afrika. Die Trekkers was ook bestaansboere wat tot 1870 toe hoofsaaklik ruilhandel met die inheemse inwoners beoefen het (Bundy 1988:197, 199).

Stelselmatig het die kontak met blanke koloniste die Sotho's en Tswanas se ekonomieë beïnvloed. Die bekendstelling van ploeë deur koloniste aan die inheemse inwoners het 'n invloed op hul landbou-aktiwiteite gehad. Die mans het die ploegwerk oorgeneem by die vroue. 'n Afname in wildsgetalle en minder oorloë het tot gevolg gehad dat mans minder tyd aan jag en oorlogvoering bestee het. Ambagsmanne wat yster bewerk het, het ook meer

tyd tot hul beskikking gehad, omdat boere die handelaars se ysterprodukte verkies het bo die ysterware wat inheemse inwoners gemaak het. Waar mans vroeër klere van vel gemaak het, het die situasie verander met die bekendstelling van naaimasjiene deur koloniste. Vroue het begin klere maak en daarmee 'n inkomste verdien (Schapera 1967b:42).
Die ontmoeting tussen koloniste en die Afrikane het ook positiewe geleenthede vir werkgeleenthede gehad. Die navolging van Europese boustyle en die Nederlandse manier om grasdakke te dek, het nuwe ambagsgeleenthede vir messelaars, skrynwerkers en dakdekkers geskep (Schapera 1967b:43).

Die ontdekking van diamante en goud het 'n groot invloed op die binnelandse inwoners gehad. Baie het die nuwe markte wat ontstaan het, benut. Die Tswanas het melk, wildsvleis, brandhout, riet, matte, sorghum en dekgras aan die myners verkoop. Tswanas wat waens kon bekostig, het goeie sake gedoen met die vervoer van verskillende produkte (Shillington 1985:66-70, 90).

Die vraag na allerlei goedere het toegeneem. Geld was nodig om huishoudelike gebruiksgoedere en kos te koop. Die instelling van belasting het die behoefte aan geld vergroot. Jong mans was verplig om hul arbeid te verkoop, om die nodige geld te bekom. Hulle het veral gedurende die eerste vier tot ses maande van die jaar op plase of goudmyne gewerk. Die tydperke weg van die huis het algaande al hoe langer geword (Schapera 1967b:43-45). Die afwesigheid van mans gedurende sekere tye van die jaar het die ruimte geskep vir spesialiswerkers soos pottebakkers en grasdekkers om na vore te tree. Hulle is vir hul dienste in geld vergoed is. So is die grondslag gelê vir die verwerwing van meer rykdom deur sommige individue (Mönnig 1967:186).

Ten spyte van die nuwe werkgeleenthede wat ontstaan het, was daar nie genoeg werkgeleenthede vir al die werksoekers nie. 'n Verstedelikingsproses het ontstaan. Verskillende faktore het die proses aangehelp:

- Die voltooiing van die Mafikeng-Bulawayo-spoorlyn in 1897 het die plaaslike vervoerbedryf 'n nekslag toegedien.

- Die hutbelasting wat aan die einde van die negentiende eeu ingestel is, het mense gedwing om werk te soek om die nodige belasting te kon betaal (Maylam 1986:127).

- Families kon nie genoeg voedsel in die reservate produseer om aan die lewe te bly nie. Die probleem is vererger deur mans wat in die stede gewerk het, en nie kon help om genoeg lande deeglik voor te berei om te plant nie (Rheinallt Jones 1967:167).

- Bestaansboere wat by handelaars in die skuld geraak het, het in die stede gaan werk om hul skuld te betaal (Rheinallt Jones 1967:168, 169).

- Die onvermoë van blanke boere om hul werkers genoeg te betaal, het baie plaaswerkers gedwing om in stede werk te soek (Rheinallt Jones

1967:170, 171).

- Die runderpes van 1896, gevolg deur ’n driejaar-droogte en ’n sprinkaanplaag het die verstedelikingsproses versnel (Maylam 1986:126).

# 4 DIE TYDPERK VANAF DIE ANGLO-BOEREOORLOG TOT 1933

Die Anglo-Boereoorlog het ’n vernietigende uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Ongeveer 87 000 boere het sonder vergoeding aan die oorlog deelgeneem (Pakenham 1999:595). Boerdery is verder ontwrig deur die vernietiging van omtrent 30 000 plaaswonings en 21 dorpe (Böeseken 1983:112). Miljoene beeste, perde en skape – die boere se vernaamste kapitaal – is van kant gemaak of gesteel (Pakenham 1999:520, 571, 595).

Gedurende die oorlog het tienduisende goudmynwerkers na die hawestede gevlug. Die goudopbrengs het in die Transvaal van R32 482 000 in 1898 tot R2 195 000 in 1901 gedaal. Die ekonomie is verder ontwrig deur die oorlog se invloed op die spoorverkeer. Die Britse militêre owerhede het die spoorweë só vir eie behoeftes gebruik, dat dit moeilik in burgerlike behoeftes voorsien het (Wiid 1979:438).

Die oorlog het nie op alle mense ’n nadelige ekonomiese uitwerking gehad nie. Die groot hoeveelhede graan en vee wat die Britse troepe gebruik het, het nuwe markte geskep. Beeste is uit die Transkei aangekoop en ponies van die Basotho’s (Maylam 1986:138). Dit het Afrikane in staat gestel om gedurende die oorlog kontant te bekom. Die finansiële vergoeding het verder inslag gevind met talle nuwe werkgeleenthede wat weens die oorlog ontstaan het. Swart mense het vir die militêre owerhede as perdeopsigters, drywers, ploegmanne, polisiemanne en portiere gewerk. Hul inkomste was nou tussen twee en drie keer meer as wat hulle vroeër verdien het (Bundy 1988:207, 208). Die hoër lone wat die militêre owerhede betaal het, het die vergoeding wat dokwerkers, steenkoolmynwerkers en huisbediendes ontvang het, opwaarts gestoot. Dit het egter nie beteken dat werkers se inkomste in reële terme hoër was nie, omdat die prys van kos, beeste en ander goedere gestyg het (Warwick 1983:143).

Die styging in lone was van korte duur, want toe die oorlog tot ’n einde gekom het, het die vraag na goedere gedaal. Die land was geruïneer en daar was grootskaalse armoede (Wiid 1979:437, 444). Die Anglo-Boereoorlog het die armblanke-vraagstuk wat reeds voor die oorlog bestaan het, vererger. Ten einde die nood te help verlig het veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk arbeidskolonies gestig, wat aan honderde gesinne ’n heenkome en uiteindelike selfstandigheid gegee het (Nieuwoudt 1990:89).

Die beëindiging van die oorlog het swart werkers ook geraak. Alhoewel swart mense direk na afloop van die oorlog tot ’n mate kon voortgaan met hul bestaansboerdery (Maylam 1986:138, 139), het verskeie faktore hulle

mettertyd gedwing om werk te soek.

- Droogtes het veroorsaak dat bestaansboere elders moes gaan werk soek. Ooskuskoors het duisende stuks kleinvee laat vrek. (Bundy 1988:124, 126).

- Die anti-bywonerswette het deelboerdery en die verhuring van grond tot 'n einde gebring (Bundy 1988:137).

- Ekonomiese groei en meer wetenskaplike boerderymetodes het blanke boere aangemoedig om eerder hul eie grond te bewerk as om deelboerdery te beoefen. Die omheining van veeplase en waterleidings het veroorsaak dat bywoners en swart werkers minder in aanvraag was (Bundy 1988:115, 116, 215).
- Grond het skaarser geword en pryse het gestyg (Bundy 1988:117, 118).

- Die *Naturellen Grond Wet* het swart mense verbied om grond buite toegekende reservate te koop of te huur. 'n Groeiende bevolking in die reservate tesame met beperkte beskikbare grond het veroorsaak dat produksie gedaal het en mans en vroue moes gevolglik werk soek om te oorleef (Bundy 1988:143, 144, 225).

- Ook blanke boere is geraak. Min boere kon daarin slaag om van 'n bestaansboerdery na 'n markgerigte boerdery oor te skakel. Oorbeweiding en die onderverdeling van grond in onekonomiese eenhede het die verstedelingsproses aangehelp (Giliomee 2003:321).

Die groeiende mynbedryf het duisende nuwe werkgeleenthede geskep. Die lone was egter klein. Werkers het na die oorlog eerder op paaie, spoorweë en konstruksieprojekte werk gesoek, waar die lone hoër was (Maylam 1986:145, 146). Werkers wat bereid was om vir die laer lone te werk, is in buurlande gewerf om op myne te werk. Tussen 1905 en 1912 het 87 000 Mosambiekse mynwerkers hulle permanent aan die Rand gevestig. Hulle het spoedig beter posisies as die Suid-Afrikaanse mynwerkers beklee, omdat hulle vir langer tydperke (18-19 maande) aaneen op myne gewerk het (teenoor bv Transkeise werkers wat dikwels net vier maande gebly het) (Bonner 1979:285).

Die lae vergoeding wat mynwerkers vir hul arbeid ontvang het, het tot arbeidsonrus gelei. In 1913 het 9 000 swart mynwerkers vir drie dae gestaak. Die staking het tot beter rantsoene, werksomstandighede en akkommodasie gelei (Proctor 1979:54). Die volgende jaar het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. Gedurende die oorlog was die inflasiekoers hoog. Lone het nie daarmee tred gehou nie. Dit het aanleiding gegee tot verskeie stakings. Die stakings het meegehelp dat byvoorbeeld elektriese kragwerkers, emmerverwyderaars en mynwerkers verhogings ontvang het (Bonner 1979:276-279).

Ten spyte van stakings en verhogings wat aan sommige werkers toegestaan is, het lone van 1911 tot 1936 redelik staties gebly. Suid-Afrikaanse werkers het in vergelyking met werkers in ander lande lae vergoeding vir hul arbeid

ontvang (Hawarden 1942:7). Die goedkoop arbeid het aan die ander kant weer 'n toename in nywerhede moontlik gemaak. In 1915-1916 het industrieë byvoorbeeld met 104% toegeneem (Proctor 1979:53, 61).

Ras het algaande 'n rol begin speel in die arbeid wat werkers kon verrig. *Die Nijverheid Verzoenings Wet* 10 van 1924 (Nywerheidsversoeningswet) en die Loonwet 27 van 1925 het blanke werkers bevoordeel. *Die Mijnen en Bedrijven Wet* 1911, Wysigings Wet 24 van 1926 (Wysigingswet op Myne en Bedrywe) het werksafbakening op grond van kleur in die mynbedryf ingevoer. Hierdie beleid het aan duisende armblankes 'n bestaan verskaf (Liebenberg 1980a:423, 424). Die toepassing van die maatreëls het ten koste van swart werkers geskied. In 1924 het swart werkers 75% van die werkerskorps uitgemaak, maar in 1933 net 49% (Giliomee 2003:342).

Werkgewers wat slegs blankes in diens geneem het, het voorkeur geniet by die toekenning van staatskontrakte. Sekere nywerhede het doeane-voordele geniet indien hulle sekere hoeveelhede blankes in diens geneem het. Die Loonraad het die staat toegelaat om minimum lone vas te stel, wat gebruik kon word om groot getalle ongeskoolde swart werkers met halfgeskoolde blanke werkers te vervang (Giliomee 2003:342).

## 5 1933 TOT 1970

Gedurende 1930-32 was Suid-Afrika vasgevang in 'n hewige depressie. In dieselfde tyd het 'n ernstige droogte Suid-Afrika geteister. Werkers het 'n dramatiese verlies aan inkomste ondervind (Giliomee 2003:404; Liebenberg 1980a:419).

Na die depressie het twaalf jaar van ononderbroke ekonomiese groei gevolg. Nadat Suid-Afrika in 1932 die goudstandaard verlaat het, het die staat se inkomste uit goud verdriedubbel. Dit het die regering in staat gestel om die land se infrastruktuur uit te brei en die vervaardigingsektor te stimuleer (Giliomee 2003:410). Die groei van die nywerhede was omvangryk. In 1933-1934 het nywerhede £95 miljoen tot die ekonomie bygedra. In 1946-1947 het dit £450 miljoen beloop. Die werkers het meer as verdriedubbel. 'n Groot permanente swart stedelike bevolking het in hierdie tyd beslag gekry (Fine & Davis 1990:13, 14).

Die nuwe nywerhede het hul werkers beter vergoed as ander sektore van die ekonomie. Die Kamer van Mynwese het vanaf 1933 'n tekort aan werkers ondervind. In 1937 het die regering aan die druk van die Kamer toegegee om werkers buite die land se grense te werf (Proctor 1979: 68). Die probleem om plaaslike werkers te vind wat bereid was om die gevaarlike werk in myne teen lae lone te doen, het in die sestigerjare weer akuut geraak. Buitelandse werkers is weer gewerf. Daarom het werkers van elders 66% van die poste op myne tussen 1956 en 1966 gevul (Nattrass 1990:150, 151).

Ten spyte van die ekonomiese groei ná die depressie, het die meeste werkers steeds hul heenkome gevind in landbou, huishoudelike werk, mynbou en die informele sektor waar die vergoeding laag was (Fine & Davis 1990:3). Lewenskoste het in die laat twintigerjare en begin dertigerjare gestyg, maar

lone het staties gebly. Die meeste swart werkers het onder die broodlyn geleef (Proctor 1979:73, 75).

Vakbonde het 'n belangrike rol op die arbeidsfront gespeel. Alhoewel wetgewing stakings verbied het, het vakbonde wel stakings gereël. Na die stakings is die minimum loon van 27 arbeidskategorieë vir ongeskoolde werkers verhoog. Loonverhogings is ook toegestaan om stakings te voorkom (Nattrass 1990:92, 93).

Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het 'n besonder positiewe uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. 'n Tekort aan geskoolde en ongeskoolde arbeid het ontstaan. Die tekort is vererger deur die ongeveer 200 000 blankes (uit 'n werkmag van 790 000) wat aan die oorlog deelgeneem het. Die nywerhede het swart werkers vanaf plase, landelike gebiede en die myne gelok. Die oorlog het die geleentheid geskep dat 95% van swart mans in metropolitaanse gebiede werk gehad het, ten spyte van die verdriedubbeling in werkers binne die bestek van 'n dekade (Nattrass 1990:83, 86).

Alhoewel die oorlog nuwe werkgeleenthede teweeggebring het, is werkers in die algemeen laag vergoed. Die grootste rede vir Suid-Afrika se armoede in die veertigerjare was dat 64% van die bevolking van boerdery afhanklik was terwyl slegs 12,5% van die nasionale inkomste daaruit verdien is (Maree 1974:64). In dieselfde tyd as wat werkgeleenthede in die na-depressiejare toegeneem en lone gestyg het, het landbou op groot skaal gemeganiseer. Dit was ten koste van baie werkgeleenthede. Swart kleinboere het vanaf 2,5 miljoen in 1936 tot 832 000 in 1946 verminder (Fine & Davis 1990: 14-16).

'n Verdere aspek wat in hierdie tyd na vore gekom het en wat werkers se vergoeding beïnvloed het, was werkers se huwelikstatus. Sommige maatskappye het getroude werkers meer betaal as ongetroude werkers (*The National Development Foundation of South Africa* 1953:16). Mans het meer as vroue verdien, omdat daar van die standpunt uitgegaan is dat mans as broodwinners aangewys is en dat vroue se verantwoordelikheid meer op die terrein van die opvoeding van kinders en algemene huishouding was (Stoker 1973:21-25; Duvenage 1983:249).

Die verstedelikingsproses wat met die depressie begin het, het gedurende die Tweede Wêreldoorlog en daarna versnel, omdat die oorlog lewensmiddele se pryse met tussen 20% en 50% opgestoot het. Dit is vererger deur 'n mielietekort in 1946. Dit het bygedra tot verdere werkloosheid. Sommige sektore het die werkloosheidsprobleem probeer verlig deur meer werkers in diens te neem. Dit was egter ten koste van ander werkers se inkomste (Stadler 1979:20-23).

Minimum lone is ingestel om werkers te help. Dit het aanleiding gegee tot die verdere meganisering van nywerhede en gevolglike werkloosheid (Stadler 1979:23). Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die werkloosheid onder blanke mans van 76 000 in 1945 tot 139 000 in 1948 toegeneem (Giliomee

2003:480).

Bestaansboere het al hoe swaarder gekry. ’n Belangrike rede hiervoor was dat die gemiddelde bevolkingsdigtheid in reservate van 60 mense per vierkante myl in 1955 tot 110 in 1969 toegeneem het. Die geweldige bevolkingsgroei het tot oorbeweiding, oorbewerking en uiteindelike gronduitputting gelei. Werkers kon nie meer van bestaansboerdery oorleef nie. Die omvang van die probleem word duideliker wanneer mens in ag neem dat in 1962 slegs 20 592 mense uit ’n bevolking van 1,4 miljoen in die Transkei betaalde arbeid verrig het (Maylam 1986:172).

Gedurende die tydperk van 1930 tot 1970 het doelbewuste politieke regulering ook ’n invloed op werkers se arbeid gehad. Wetgewing is in hierdie tydperk aangeneem wat blanke grondeienaars verbied het om grond aan swartes te verhuur. Daar is ook gepoog om die getal swart plaaswerkers minder te maak (Maylam 1986:166). Swart werkers is tot sekere gebiede ingeperk, omdat bepaalde gebiede vir bepaalde groepe geproklameer is. Voorts is geregistreerde swart werkers verbied om te staak of aan ’n vakbond te behoort (Liebenberg 1980b:494, 496). Blanke werkers is deur die toepassing van werkreservering bevoordeel. Omtrent 2% van die werkgeleenthede is deur werkreservering geraak (Giliomee 2003:510).

Alhoewel bogenoemde wette ’n negatiewe uitwerking gehad het op die vergoeding wat werkers ontvang het, was daar tog ’n verbetering in werkers se vergoeding. Gedurende die 1960’s het die Suid-Afrikaanse ekonomie geweldig gegroei, met ’n gevolglike positiewe uitwerking op vergoeding.

## 6 1970 TOT 1994

’n Tekort aan geskoolde werkers het ontstaan toe die Suid-Afrikaanse ekonomie tussen 1970 en 1974 gegroei het. Om die tekort aan geskoolde werkers die hoof te bied, het die regering al hoe meer van werkreservering wegbeweeg (Nattrass 1977:188-189, 192, 273).

Die afskaffing van werkreservering tesame met meer besteding aan die onderwys van swartes, het daartoe bygedra dat swart werkers algaande beter werkgeleenthede kon benut en hoër vergoeding kon ontvang. Waar kleurlinge, Indiërs en Afrikane in 1960 net 32% van die land se professionele en tegniese poste gevul het, het dit in 1980 tot 43% gestyg (Lipton 1986:62, 406). Swart mense se lone het in die vroeë sewentigerjare vinnig toegeneem. In reële terme het die gemiddelde lone vir swart werkers tussen 1970 en 1975 met gemiddeld 6,6% per jaar gestyg – terwyl dit vir blankes met 1% gedaal het (Nattrass 1977:408).

Die lae lone wat aanvanklik betaal is, het dit moontlik gemaak dat toe ekonomiese groei plaasvind, daar meer werkgeleenthede ontstaan het terwyl lone terselfdertyd gestyg het (Nattrass 1977:418). Die styging in lone het mettertyd wel ’n invloed op die getal werkgeleenthede gehad. In die 1960’s kon 97% van die swart skoolverlaters werk vind, in die 1970’s het dit gedaal

tot 72% en in die 1980's was die persentasie slegs 7% (Giliomee 2003:600).

Die verhogings in vergoeding wat werkers in die vroeë sewentigerjare toegeval het, was nie uitsluitlik aan ekonomiese groei te danke nie. Gedurende 1973-1974 was daar jaarliks vyf keer meer stakings as in 1970-1972. In die stakingsjare was die jaarlikse loonverhoging onder swart werkers in die vervaardigingsektor onderskeidelik 19% en 23,9% – ongeveer vier keer soveel as die verhoging wat blanke werkers ontvang het (Nattrass 1990:184).

Nog 'n faktor wat vergoeding gedurende die sewentigerjare beïnvloed het, was verstedeliking. Stedelike bewoners se inkomste het vinniger gegroei as plattelandse inwoners s'n (Nattrass 1977:426).

Ander faktore wat teen die sewentigerjare 'n beduidende invloed gehad het op die vergoeding van werkers, is:

- die geslag van werkers (Uys 1982:9, 10, 12, 16)
- aantal jare diens van werkers (Uys 1982:9-10, 12, 16)
- intellektuele vermoëns (Siemens 1972:12, 13)
- kwalifikasies (Langenhoven 1977:35)
- posvlak wat werkers beklee het (Langenhoven 1977:35)
- of werkers selfemplojeerd was en of hulle in diens van werkgewers was (Van Pletzen 1984:10)
- die bereidheid om 'n bepaalde lewenstandaard te aanvaar (Langenhoven 1977:37)
- 'n tekort of ooraanbod van werkers (Langenhoven 1977:37).

Om die tekort aan vaardighede onder swartes te bowe te kom, is daar vanaf 1978 tot 1983 'n bykomende 45 000 swart onderwysers in diens geneem. Die getal is met nog 64 000 vanaf 1985 tot 1988 verhoog (Pottinger 1988:179, 276). Die verbetering in leerlinge se opleiding en kwalifikasies sou die weg baan vir beter vergoeding.

Gedurende 1981 tot 1984 het 'n kwaai droogte die land getref. Honderdduisende mense is gedwing om in stede 'n heenkome te vind. Die situasie is vererger deur hoë inflasie wat in die tagtigerjare in die land geheers het (Pottinger 1988:275, 277, 281). Die regering het maatreëls begin tref om meer mense in staat te stel om vir hulself te werk en nie van die staat afhanklik te wees nie. Die ontwikkeling van informele besighede is ook aangemoedig. Teen 1988 was daar reeds 100 000 taxibestuurders, 150 000 straatsmouse, 50 000 eienaars van klein besighede en minstens 70 000 klein vervaardigers (Pottinger 1988:181, 182). Die staat het in hierdie tyd ook sy rol as werkgewer verklein deur staatsbates te privatiseer. As deel van die privatiseringsproses is duisende werkers afgelê (Nkosi 1991:108, 113).

Teen 1986 het die regering maatreëls opgehef wat mense se bewegingsvryheid verhinder het. Dit het die weg vir swart werkers gebaan om sonder verhindering op plekke werk te soek waar hulle beter vergoeding kon ontvang (Pottinger 1988:190).

Gedurende die tagtigerjare het vakbonde al hoe meer polities betrokke geraak

(Marais 1990:152, 153). Dit het 'n negatiewe invloed op die arbeidsmark gehad. Wegbly-aksies deur duisende werkers het hul vergoeding direk geraak. Verbruikersboikotte in dié tyd het kleiner sakemanne geruïneer (Pottinger 1988:315). Vakbondfederasies het sanksies en disinvestering gepropageer, met gevolglike werkvermindering en groter werkloosheid (Marais 1990:152, 153). Hoewel die politieke situasie in die land 'n groot rol gespeel het, was dit nie al rede waarom maatskappye gedisinvesteer het nie. Die verhoging in lone van ongeskoolde arbeid sonder 'n verhoging in produktiwiteit het kleiner winste tot gevolg gehad (Pottinger 1988:385). Dit, tesame met die politieke onrus het talle buitelandse beleggers oorreed om te disinvesteer.

Aan die begin van die negentigerjare het 'n internasionale resessie geheers. Suid-Afrika het die resessie nie vrygespring nie. Die resessie is vererger deur een van die ergste droogtes van die eeu én 'n skerp daling in die prys van goud en ander uitvoerprodukte. Indiensneming het met 4,5% gedaal (De Klerk 1999:245). Dit het alles 'n negatiewe uitwerking gehad op die vergoeding van werkers.

## 7 SAMEVATTING

Baie faktore het 'n rol gespeel in die vorming van die Suid-Afrikaanse arbeidstoneel. Ten spyte daarvan dat verreweg die meeste inheemse inwoners aanvanklik bestaansboerdery beoefen het, was daar reeds in die sewentiende eeu ongelykhede in die werk (en inkomste) wat verskillende inheemse groepe of individue in groepe gedoen het. Die verskil tussen verskillende groepe het groter geword met die koms van die koloniste. Die inheemse inwoners het eers werklik vanaf die negentiende eeu ander beroepe as bestaansboerdery begin beoefen. Die proses om weg te beweeg van bestaansboerdery en deel te word van 'n kapitalistiese ekonomie, is vesnel deur:

- koloniste wat ter wille van ekonomiese oorlewing dieper die binneland ingetrek het en al hoe meer grond beset het
- die verandering in regering aan die Kaap
- die behoefte om vervaardigde goedere te bekom
- natuurrampe, peste en plae
- die ontdekking van goud en diamante
- oorloë
- groei in bevolkingsgetalle tesame met beperkte beskikbare grond
- wetgewing wat mense verplig het om belasting te betaal
- apartheids- en ander diskriminerende wetgewing
- 'n tekort aan geskoolde arbeid

Kulturele en godsdienstige sieninge het veroorsaak dat daar reeds in die sewentiende eeu verskille was tussen die werk wat mans en vroue verrig het. Verskille in die werk wat mense van verskillende geslagte gedoen het, het onder die inheemse inwoners sowel as koloniste voorgekom.

Apartheid en diskriminerende wette en maatreëls het 'n rol gespeel in die ongelykhede in indiensneming, beroepe en inkomste wat teen 1994 in Suid-

Afrika bestaan het. Dit is egter nie die enigste redes waarom daar in 1994 ongelykhede was in indiensneming, beroepe en inkomste nie. Vanuit 'n breër historiese perspektief blyk dit dat die inheemse inwoners van Suid-Afrika vanaf hul kennismaking met die koloniste en veral vanaf die negentiende eeu stelselmatig oorgeskakel het van 'n bestaansboerdery na 'n kapitalistiese stelsel toe. Hierdie oorgang is nog nie ten volle afgehandel nie. Apartheid en diskriminerende wetgewing was ongetwyfeld 'n remskoen in die land se proses van arbeidsontwikkeling, maar dit was nie die enigste oorsake van die bestaande ongelykhede nie.

## BRONNE GERAADPLEEG


Bank, A 1994. The erosion of urban slavery at the Cape, 1806 – 1834 in Worden, N & Crais, C (eds)*, Breaking the chains: slavery and its legacy in the nineteenth-century Cape Colony*, 79-98. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Barnard, A 1992. *Hunters and herders of Southern Africa: A comparative ethnography of the Khoisan peoples*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bleeker, S 1970. *The Zulu of South Africa.* London: Dennis Dobson.

Boonzaier, E, Malherbe, C, Smith, A & Berens, P 1996. *The Cape herders: a history of the Khoikhoi of Southern Africa*. Cape Town: David Philip.

Böeseken, A J 1977. *Slaves and free blacks at the Cape 1658-1700*. Cape Town: Tafelberg.

Böeseken, A J 1983. *Van oorloë en vrede*. Kaapstad: Tafelberg.

Bonner, P L 1979. The 1920 black mineworkers' strike: A preliminary account, in Bozzoli, B (ed), *Labour, townships and protest*, 273-297. Johannesburg: Ravan.

Breutz, P-L 1991. *The social and political system of the Sotho-Tswana: four generations of traditional culture change*. Ramsgate: P-L Breutz.

Brown, J T 1969. *Among the Bantu nomads*. New York: Negro Universities Press.

Bundy, C 1988. The rise and fall of the South African peasantry. Cape Town: David Phillips.

De Klerk, F W 1999. *F W de Klerk*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Duvenhage, B 1983. *Roeping en wetenskap*. Potchefstroom: EFJS Drukkers.

Elphick, R 1985. *Khoikhoi and the founding of white South Africa*. Johannesburg: Ravan.

Fine, R E & Davis, D 1990. *Beyond apartheid: labour and liberation in South*

*Africa*. London: Pluto.

Giliomee, H 2003. *The Afrikaner: biography of a people*. Cape Town: Tafelberg.

Godée Molsbergen, E C 1968. *Jan van Riebeeck en sy tyd*. Pretoria: Van Schaik.

Hawarden, E 1942. *Labour and the new economic policy*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Langenhoven, H P 1977. *'n Stelsel van vergoeding van swart werknemers*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Leipoldt, C L 1938. *Jan van Riebeeck.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Liebenberg, B J 1980a. Hertzog aan bewind, 1924-1939, in Muller, C F J (red), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 419-451. Pretoria: Academica.

Liebenberg, B J 1980b. Die Nasionale Party aan bewind, 1948-1961, in Muller, C F J (red), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 477-519. Pretoria: Academica.

Lipton, M 1986. *Capitalism and apartheid*. Aldershot: Wildwood House.

Marais, R 1990. Enkele politieke vraagstukke rakende swart arbeidsorganisasies. MA-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Maree, J 1974. Current labour utilisation and underemployment in South Africa, in Thomas, W H, et al (eds) , *Study project and external investment in South Africa and Namibia (South West Africa): The conditions of the black worker,* 55-83. Uppsala: African Publications.

Maylam, P 1986. *A history of the African people of South Africa: From the early Iron Age to the 1970s*. London: Croom Helm.

Mönnig, H O 1967. *The Pedi*. Pretoria: Van Schaik.

Nattass, J 1977. The narrowing of wage differentials in South Africa. *The South African Journal of Economics* 45(4), 408-432.

Nattrass, N J 1990. Wages, profits and apartheid. DPhil thesis. Oxford: Oxford University.

Newton-King, S 1999. *Masters and servants on the Cape eastern front 1760-1803*. Cambridge: Cambridge University Press.

Nieuwoudt, M M 1990. Praktiese implementering in die vaderlandse kerkgeskiedenis, in Smuts, A J et al (eds), *Die diens van barmhartigheid*

*en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 74-101. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Nkosi, M Z 1991. Nationalisation and privatisation: Issues to be resolved, in Naidoo, G (ed), *Reform and revolution: South Africa in the nineties*, 103-116. Johannesburg: Skotaville.

Pakenham, T 1999. *Die Boere-oorlog*. Johannesburg: Johathan Ball.

Proctor, A 1979. Class struggle, segregation and the city: a history of Sophiatown 1905-40, Bozzoli, B (ed), *Labour, townships and protest*, 49-89. Johannesburg: Ravan.

Pottinger, B 1988. *The imperial presidency*. Johannesburg: Southern Book.

Rheinallt Jones, J D 1967. Socil and economic condition of the urban native, in Schapera, I (ed), *Western civization and the natives of South Africa*, 159-192. London: Routledge & Kegan Paul.

Ross, R 1994. 'Rather mental than physical': Emancipations and the Cape economy, in Worden, N & Crais, C (eds, *Breaking the chains: Slavery and its legacy in the nineteenth century Cape Colony*, 145-167. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Schapera, I 1967a. The old Bantu culture, in Schapera, I (ed), *Western civilization and the natives of South Africa*, 3-36. London: Routledge & Kegan Paul.

Schapera, I 1967b. Present-day life in the native reserves, in Shapera, I (ed), *Western civilization and the natives of South Africa*, 39-62. London: Routledge & Kegan Paul.

Shaw, E M 1972. *Die mens in Suider-Afrika: die hottentotte*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Museum.

Shell, C-H 1994. The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652-1834, in Eldredge, E A & Morton, F (eds), *Slavery in South Africa: Captive labor on the Dutch frontier*, 11-39. Boulder: Westview.

Shillington, K 1985. *The colonisation of the Southern Tswanas 1870-1900*. Pretoria: Sigma.

Siemens, A E 1972. *Salarisse en lone in kleiner ondernemings*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

South Africa. 1998. Employment Equity Act, No. 55 of 1998. [Web:] http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1998/act98-55.html. Date of access: 10 Nov. 2001].

Stadler, A W 1979. Bids in the cornfields: squatter movements in

Johannesburg, 1944-47, Bozzoli, B (ed), *Labour, townships and protest*. Johannesburg: Ravan, 19-48.

Stoker, H G 1973. Arbeid – wysgerig benader. *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap*, 36, 5-27.

The National Development Foundation of South Africa 1953. Wages and conditions of employment in selected South African companies. Johannesburg: The National Development Foundation of South Africa.

Tobias, P V 1978. Introduction to the Bushmen or San, in Tobias, P V (ed), *The Bushmen: San hunters and herders of Southern Africa*, 1-15. Cape Town: Human & Rousseau.

Uys, J S 1982. *'n Opname van loon- en salarisvlakke in die OVS en aangrensende streke*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van der Merwe, P J 1979. Van verversingspos tot landbou-kolonie, 1662-1707, in Van der Walt, A J H, Wiid, J A, Geyer, A L & Kruger, D W (eds), *Geskiedenis van Suid-Afrika,* 59-84. Goodwood: Nasou.

Van der Walt, A J H 1979. Die eeu van die veeboer-pionier, 1707-1779, in Van der Walt, A J H, Wiid, J A, Geyer, A L & Kruger, D W (eds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 85-106. Goodwood: Nasou.

Van Pletzen, J 1984. *Die loonstruktuur van gegradueerde Blanke mans in 1984. RGN Navorsingsbevinding MN-108*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Warwick, P 1983. *Black people and the South African war 1899-1902*. Johannesburg: Ravan.

Wiid, J A 1979. Weeropbou, 1902-1908, in Van der Walt, A J H, Wiid, J A, Geyer, A L & Kruger, D W (eds), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 434-462. Goodwood: Nasou.

Willcox, A R 1978. The Bushman in history, Tobias, P V (ed), *The Bushmen: San hunters and herders of Southern Africa*, 76-87. Cape Town: Human & Rousseau.

Worden, N, Versfeld, R, Dyer, D & Bickfort-Smith, C 1996. *The chains that bind us: a history of slavery at the Cape*. Kenwyn: Juta.